Gryp die geleentheid aan om erkenning te gee vir diens-uitnemendheid en nomineer jou Diensuitnemendheidsheld.

NOMINEER JOU HERMANUS DIENSUITNEMENDHEIDSHELD

Derde groep wenners in die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme se 2018 Besigheidsdiensuitnemendheidsprogram.

Desiré Moore

Katrina Salies



Ruby Ramsie

Dalene Swart het vir Ruby Ramsie, Desiré Moore en Katrina Salies van SOFCA as Hermanus Diensuitnemendheidshelde genomineer, omdat hulle altyd hulle werk met soveel liefde, deernis en vriendelikheid doen.

Hierdie drie dames se gesamentlike diensjare vir SOFCA is 85 jaar. Hulle liefde om bejaardes te versorg is 'n absolute passie en roeping wat hulle uitleef. Volgens hulle mag sommige mense die werk wat hulle doen as minderwaardig beskou, maar hulle sien dit as 'n eerbare werk. Hulle al drie is omgeemense en beskou hulle werk as 'n liefdesdiens. Op die vraag wat diensuitnemendheid vir hulle beteken, het hulle geantwoord: "Om mense spesiaal te laat voel, geduld met mense te hê en mense te laat voel dat hulle jou eie Ma en Pa is." Hulle raad aan ander besighede wat na diensuitnemendheid streef, is: "Die werkgewers en werknemers moet mekaar in ag neem en die menslikheid in mekaar raaksien. Jy moet jou werk uit jou hart doen en nie noodwendig erkenning verwag nie. Gee waarlik om vir jou medemens."

Bly ingeskakel by Radio Whale Coast 91.4FM en nomineer jou Diensuitnemendheidheld **op Vrydae tussen 06:00 en 09:00**. Skakel **028 312 1548** of stuur 'n WhatsApp stemboodskap na **072 040 5768**.

Ter bevordering van diensuitnemendheid in die Wes-Kaap. **BETER TESAME.**

Wes-Kaapse Regering
Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
BETER TESAME.

J2SE
JOURNEY TO SERVICE EXCELLENCE

BUSINESS CHAMBER HERMANUS SAKEKAMER

OVERSTRAND

cape whale coast

Whale Coast 91.4 FM